ATKV-Jeuginstituut

12 Maart 2012

Geagte Skoolhoof

**ATKV-JEUGBERAAD**

Die ATKV-Jeuginstituut bied weer drie Jeugberade tydens die Junie/Julie skoolvakansie aan. Graag nooi ons u skool uit om leerders te identifiseer en as verteenwoordigers van u skool vir die Jeugberaad in te skryf.

ŉ Beroep word op u gedoen om **Graad 11** leerders te identifiseer, wat opinievormers is, leerders wat ŉ invloed kan uitoefen en wat die potensiaal het om ŉ verskil te maak. Oorweeg dit gerus om ook die Graad 11 leerder te nader wat dalk nie so uitgesproke is nie, maar tog die potensiaal toon om ŉ verskil te kan maak – dalk is die beraad net die geleentheid om so leerders uit sy dop te laat kruip.

Die datums vir 2012 is soos volg:

| | |
|---|---|
| **ATKV-Klein-Kariba (Bela-Bela)** | **25 – 28 Junie** |
| **ATKV-Buffelspoort (Rustenburg)** | **2 – 5 Julie** |
| **ATKV-Goudini Spa (Worcester)** | **9 – 12 Julie** |

**Die kostes beloop R995.00 per leerder (sluit akkommodasie, etes en aktiwiteite in).**

**Skole is self verantwoordelik vir die reisreëlings.**

**Indien leerders vroeër wil arriveer of langer moet bly, moet hulle self die reëlings met die betrokke oord tref.**

Op grond van terugvoer en eie waarneming tydens vorige Jeugberade is besluit om die formaat van die Jeugberade aan te pas. Soos in die verlede gaan ons steeds fokus op die eksterne omgewing soos die Politiek, Ekonomie, Tegnologie en Samelewing. ŉ Nuwe faset wat ons gaan byvoeg is die "interne omgewing" met aspekte soos emosionele intelligensie, streshantering, geloof, groepsdruk en selfaanvaarding.

Ons glo dat ons met die verandering meer waarde tot die leerders se lewe kan byvoeg.

Die tema vanjaar se Jeugberaad is: ***Die lewe is LEGO*** ®

Daar is nie ŉ beperking op die aantal leerders per skool nie, maar daar is wel net ŉ beperkte aantal plekke per oord beskikbaar.

Die volgende inligting moet **volledig** en **gelyktydig** aan ons gestuur word:

- Skoolbesonderhede.
- Bewys van betaling.
- Leerderbesonderhede.
    - Vrywaringsvorm.
    - Mediese inligting.



ATKV
ATKV-Jeuginstituut
Die Afrikanse Taal- en Kultuurvereniging
(Vereniging kragtens artikel 21) Registrasienommer 1962/005157/08 NWO-nommer 001-260 NPO
ATKV-Hoofkantoor, Posbus 4586, Randburg, 2125 ☎ 011 919 9000 011 919 9129
www.atkv.org.za
Direkteure: JB van Schoor (voorsitter) A Redelinghuis (visevoorsitter) JD Gouws* (besturende direkteur) H Bailey H Bekker* SW Cilliers* MJ Jacobs IA Kotze adv TJ Kruger EA Potgieter NJ Ras adv HH Strauss dr DJ Titus* CO van der Rheede MN van der Westhuyzen prof EL van Harte prof MM Verhoef - maatskappysekretaris DS Brits (*uitvoerend)

Indien die maksimum aantal inskrywings oorskry word, sal voorkeur verleen word aan die skole wie se inskrywings eerste volledig ontvang is.

Die sluitingsdatum is ***Vrydag, 25 Mei 2012***. Vir enige navrae skakel vir Annemarie Alberts by 011 919 9066 of epos: annemariea@atkv.org.za

Sien ook aangeheg die spesiale aanbod wat die ATKV-Oorde beskikbaar stel vir die ouers/onderwysers wat die leerders na die Jeugberaad toe bring.

Ons sien uit om u skool se leerders daar te ontvang!

Vriendelike Jeuginstituut-groete



**BEN FERREIRA**
**SENIOR BESTUURDER: JEUG-,**
**ONDERWYS- EN TAALAANGELEENTHEDE**

# JEUGBERAAD 2012
# Spesiale Aanbod

Die Jeuginstituut het met die ATKV-oorde ooreengekom dat *ouers/onderwysers* wat leerders na die Jeugberaad vervoer 'n spesiale aanbod kan kry wanneer hulle op die oord oorbly.

Dit word as 'n aparte bespreking met die oord beskou en is vir die skool of ouers se eie rekening.

Die datums van die Jeugberaad is:

| | |
|---|---|
| ATKV-Klein-Kariba | 25 – 28 Junie 2012 |
| ATKV-Buffelspoort | 02 – 05 Julie 2012 |
| ATKV-Goudini Spa | 09 – 12 Julie 2012 |

**Die aanbod behels:**
Ouers/onderwysers wat bly vir drie nagte of meer, kry een nag gratis.

Die leerders se akkommodasie word deur die inskrywingsvorm wat in gevul en terug gestuur word na die Jeuginstituut bespreek.

**1. OORDBESONDERHEDE**

| | | |
|---|---|---|
| Klein-Kariba | telefoonnommer: | 014 736 9800 |
| Buffelspoort | telefoonnommer: | 014 572 1000 |
| Goudini Spa | telefoonnommer | 023 439 8100 |

**2. BESPREKING**
Wanneer die bespreking gemaak word moet ouers/onderwysers net meld dat hulle kom vir die Jeugberaad en wil gebruik maak van die spesiale aanbod vir die ouers/onderwysers.

Ons vertrou dat die reëling dit makliker sal maak vir ouers/onderwysers wat die leerders na die Jeugberaad moet vervoer.

# JEUGBERAAD 2012

## Skoolbesonderhede

Skoolnaam: ______________________________________________

Posadres: ______________________________________________

Poskode: ____________________ Provinsie: ____________________

Tel: ________________________ Faks: ______________________

E-pos: ______________________________________________

Skoolhoof (titel, naam en van): ______________________________

Kontakpersoon by skool (titel, naam en van): __________________

Selfoon: _____________________ Tel: _______________________

**NEEM KENNIS:**
Ouers word gevra om gelde by die skool in te betaal en dan moet die skool 'n eenmalige oorbetaling maak aan die ATKV-Jeuginstituut. Net eerste 100 inskrywings sal aanvaar word. Skole is self verantwoordelik vir alle reisreëlings en kostes, asook enige addisionele verblyf.

## Naam van Leerders

'n Afsonderlike inskrywingsvorm wat deur die leerders se ouers ingevul moet word, moet ook saam met hierdie vorm ingestuur word.

1. ______________________________
2. ______________________________
3. ______________________________
4. ______________________________
5. ______________________________
6. ______________________________

Merk toepaslike blokkie:

| | | |
|---|---|---|
| ATKV-Klein-Kariba | **25 – 28 Junie 2012** | ☐ |
| ATKV-Buffelspoort | **02 – 05 Julie 2012** | ☐ |
| ATKV-Goudini Spa | **09 – 12 Julie 2012** | ☐ |

Aantal inskrywings: ……………

@ R995.00 = R ………………..

**BANKBESONDERHEDE**
Absa Bank
ATKV-Jeuginstituut
Takkode: 632005
Rekening: 407 333 1426
**Verwysing: JB – "die skool se naam"**

Baie belangrik: Inskrywings word slegs aanvaar as die volle bewys van betaling saam met die inskrywingsvorms gestuur word. Faks 011 919 9129.

**DIE INSKRYWINGSVORM**
**VIR DIE JEUGBERAAD 2012**

# LEERDER BESONDERHEDE

Leerder se noemnaam en van: ________________________________________
(drukskrif asseblief)

Ouderdom: ________________

Geboortedatum: (dd/mm/jj) ____/____/_____ Geslag: Seun ☐ Dogter ☐

Selfoonnommer: ________________________________________________

E-posadres: ______________________________________________________

Enige spesiale spysenier versoeke:

__________________________________________________________________

# KONTAKPERSOON TYDENS JEUGBERAAD

Ouer/voog se naam en van: __________________________________________

Selfoon 1: ____________________ Tel. (werk): (______) __________________

Selfoon 2: ____________________ Tel. (huis): (______) __________________

E-posadres: _______________________________________________________

_______________________ _____________

***Handtekening: Ouer/Voog*** ***Datum***

Die sluitingsdatum is Vrydag, 25 Mei 2012. Vul in en stuur terug aan ATKV-Jeuginstituut by faks 011 919 9129 of epos annemariea@atkv.org.za
www.atkv.org.za

# LYS VAN BENODIGHEDE

Leerders moet die volgende saambring:

- **’n Ou tydskrif of ou koerant.**
- **1 nie-bederfbare blikkie kos**.
- Enige musiekinstrumente wat vervoer kan word.
- Bybel.
- Persoonlike toiletware.
- Handdoek, swemhanddoek en swemklere.
- Gemaklike ou stapskoene of tekkies.
- Warm, gemaklike klere.
- Persoonlike medikasie en ’n afskrif van mediesefondskaart.
- Basiese skryfbehoeftes (bv. penne, skêr, potlood, uitveër, prit ens).
- **GEEN** skoolklere is nodig.

**ATKV-Oorde voorsien die beddegoed en eetgerei.**

## REGISTRASIE EN TYDSDUUR

Registrasie vind plaas op die eerste dag vanaf 09:00 tot 10:00. Daar sal duidelike padaanwysers wees op die oord na die lokaal. Die program behoort op die laaste dag om 12:30 voor middagete af te sluit.

## VERVOERREËLINGS

Skole is vir hul eie vervoerreëlings verantwoordelik. Leerders en buurskole kan selfs saamspan om die reiskoste so ekonomies as moontlik te maak.

ATKV-Jeuginstituut

# ATKV-VRYWARINGSVORM

## Jeugberaad 2012 : Klein-Kariba, Buffelspoort en Goudini Spa

1. Ek verstaan dat die personeel van die ATKV asook ander betrokkenes alle redelike voorsorg sal tref vir die veiligheid en welsyn van my kind;

2. Die betrokke oord, waar die Jeugberaad aangebied word, se reëls sal ten volle nagekom word;

3. Die Jeugberaad se reëls en reëlings is aan my verskaf en sal ten volle nagekom word;

4. Die bepalings hiervan is geldig vir die volle duur van die ATKV-Jeugberaad;

5. Indien die persoon onder die ouderdom van 18 jaar is, moet die vorm geteken word deur die ouer/voog.

6. Indien daar enige onduidelikhede mag bestaan ten opsigte van die ATKV-Jeugberaad kan die Jeuginstituut by 011 919 9038 gekontak word vir meer duidelikheid. Die uitklaring sluit die gebruik van die vrywaringsvorm en die ATKV- Jeugberaad se reëls in maar is nie beperk daartoe nie.

Hiermee sertifiseer ek die ondergetekende ouer en/of voog van ________________________ dat ek bogenoemde gelees en verstaan het en ook dat alle riglyne en risiko's aan my uitgelig is en geleentheid gebied is vir die uitklaring daarvan. Ek aanvaar dat daar gevaar mag wees en dat my kind hierdie ATKV-Jeugberaad op eie risiko onderneem.

Verder vrywaar ek die ATKV, direkteure, bestuurders, personeel en/of helpers teen enige eise wat mag voortspruit uit siekte, dood en beserings van watter aard ook al opgedoen as gevolg van of tydens die Jeugberaad terwyl my kind die Jeugberaad van die ATKV bywoon.

GETEKEN IN _______________OP HIERDIE _____ DAG VAN ___________ 2012.

____________________________________________ ________________________

**Handtekening van Vrywaarder / Wettige ouer of voog** **Ouer/voog ID nommer**

____________________________________________

**Handtekening van kind wat Jeugberaad gaan bywoon**

ATKV-Jeuginstituut

# Reëls vir die Jeugberaad 2012

1. Respek.
   Die kursusgangers sal respek hê vir hulle self, hul mede-kursusgangers, die beraadpersoneel, die gassprekers wat hul kennis met die kursusgangers kom deel, die ander vakansiegangers op die oord en enige eiendom.

2. Gedrukte programme is vir elke kursusganger beskikbaar in hul lêers, dit word derhalwe van hulle verwag om betyds by die verskillende aktiwiteite te wees.

3. Om 23:00 moet daar stilte wees, almal in hul eie eenhede en ligte af.

4. Enige kursusganger wat hom/haar skuldig maak aan wangedrag (soos byvoorbeeld rook in lokale en/of drankmisbruik) sal huis toe gestuur word.

5. Die programleier is leerders se kontakpersoon en toesighouer tydens die Jeugberaad sou hulle enige vrae of probleme ondervind. Besonderhede van die kontakpersoon sal beskikbaar gestel word by die aanvang van die Jeugberaad.

6. Geen kursusganger mag die perseel van die oord verlaat sonder toestemming van die kontakpersoon/toesighouer nie.

7. Noodhulp en sekuriteit is 24 uur per dag beskikbaar. Die betrokke oord se reëls sal besonderhede daarvan verskaf.

8. Wanneer die kursusgangers aftyd geniet is hulle onderhewig aan die reëls van die betrokke oord. Enige aktiwiteite wat kursusgangers onderneem buite die Jeugberaad program, is op hulle eie risiko en vir hulle eie rekening.

Vir enige verdere navrae oor die reëls van die ATKV-Jeugberaad kan die ATKV-Jeuginstituut geskakel word by 011 919 9038.

ATKV-Jeuginstituut

# MEDIESE INLIGTING

**BESONDERHEDE VAN HOOFLID (Persoon verantwoordelik vir die rekening):**
**HEG FOTOKOPIE VAN MEDIESE FONDSKAART AAN – BEIDE KANTE**

**VAN:** ______________________________ **TITEL:** __________

**VOLLE VOORNAME:** ______________________________

**I.D. NOMMER:** ______________________________

**POSADRES:** ______________________________

______________________________

______________________________ **KODE:** __________

**WOONADRES:** ______________________________

______________________________

______________________________ **KODE:** __________

**TEL.NO.: (W)** __________ **(H):** __________ **(SEL):** __________

**(2DE SEL):** __________ **FAKS NO.:** __________

**E-POS:** ______________________________

**WERKGEWER:** ______________________________

**ADRES:** ______________________________

______________________________

______________________________ **KODE:** __________

**MEDIESE FONDS:** __________ **LIDNOMMER:** __________

**ALGEMENE OPMERKINGS OOR LEERDER SE GESONDHEID (ALLERGIEË/MEDIKASIE)**

______________________________

______________________________

______________________________
**HOOFLID HANDTEKENING**

______________________________
**DATUM**